basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V1

## NOVEMBER 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1. | 1.1.1 | C√ | (1) |
| | 1.1.2 | C√ | (1) |
| | 1.1.3 | A√ | (1) |
| | 1.1.4 | D√ | (1) |
| | 1.1.5 | A√ | (1) |
| | 1.1.6 | D√ | (1) |
| | 1.1.7 | D√ | (1) |
| | 1.1.8 | C√ | (1) |
| | 1.1.9 | B√ | (1) |
| | 1.1.10 | A√ | (1) |
| | | | (10 x 1) (10) |

1.2 1.2.1
- Rooms Katoliek √
- Die ander behoort aan die Protestante onderafdeling van die Christelike godsdiens. √ (2)

1.2.2
- Ilima √
- Die ander behoort aan Islam. √ (2)

1.2.3
- Psalms. √
- Die ander is tipes stories/leringe.√
- Dit is 'n Bybelse boek.√ (2)

1.2.4
- Darwin. √
- Die ander was astronome/wetenskaplikes wat ontdek het dat die aarde om die son draai (heliosentriese beskouing). √ (2)

1.2.5
- Martelaar. √
- Die ander was godsdienstige leiers. √ (2)

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.3 | 1.3.1 | F√ | (1) |
| | 1.3.2 | H√ | (1) |
| | 1.3.3 | A√ | (1) |
| | 1.3.4 | B√ | (1) |
| | 1.3.5 | C√ | (1) |
| | 1.3.6 | D√ | (1) |

1.4 1.4.1 Onwaar.√ Martin Luther King was 'n Baptiste pastoor wat in die 1960's die leidende rol in die Burgerregtebeweging in Amerika gespeel het.√ **OF**
Martin Luther, 'n Duitse Rooms-Katolieke monnik het die Hervorming begin.√ (2)

1.4.2 Onwaar.√ Die Koning of Koningin van Engeland is die hoof van die Anglikaanse Kerk. √ **OR**
Die Aartsbiskop van Canterbury is die leidende biskop, maar nie die hoof nie. (2)

1.4.3 Onwaar.√ Om elemente van een godsdiens met elemente van 'n ander te meng om 'n nuwe godsdiens te vorm, word sinkretisme genoem. √ **O|F**
Fundamentalisme is 'n vorm van konserwatisme waar lede die geskrifte letterlik/selektief vertolk. (2)

1.4.4 Onwaar.√ Die Bahá'i-geloof is die jongste godsdiens in die wêreld./ ‘n pluralistiese religie OF Die Afrika Tradisionele Godsdiens is 'n stam-gebaseerde godsdiens. √ (2)

1.4.5 Onwaar.√ Ortodokse Judaïsme is die oudste groep wat die wette van die Tora streng waarneem. √ **OF**
Konserwatiewe Judaïsme is die onderafdeling van Judaïsme wat die mees onlangs gevorm is, in reaksie op die liberale beskouings van die Hervormde Jode. √ (2)

1.4.6 Onwaar.√ Ritueel is 'n godsdienstige waarneming wat bedoel is om aan 'n heilige gebeurtenis te herinner. √ **OF**
Barmhartigheid is 'n gevoel vir ander wat versorging en simpatie met hulle behels. (2)

1.5 1.5.1 Christene√√ (2)
1.5.2 Brahma/Ishwara/Ishvara/Ishvara/Shiva/vishnu√√ (2)
1.5.3 Konstantyn√√ (2)
1.5.4 Normatiewe√√ (2)
1.5.5 Jang√ en Jin√ (2)
1.5.6 Koran√√ (2)

**TOTAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B:

## VRAAG 2

2.1 2.1.1

- Dit word beskou as die begin van ons hedendaagse bewustheid van intergodsdienstige gesprek en verhoudings.
- Hindoeïsme is aan die Weste bekendgestel. Die gesprek deur veral Swami Vivekananda het 'n indruk gemaak.
- Die Parlement gaan voort en bevorder intergeloofsgesprekke en samewerking in die wêreld.
- Dit het op praktiese wyse met bemiddeling tussen groepe in konfliksituasies gehelp.
- Dit het gehelp om lyding te verlig, bv. die Parlement het 'n program ontwikkel om kinders in Afrika te help wat deur MIV/Vigs geaffekteer word en verskaf mediese voorraad.
- Dit verskaf vaardigheidontwikkelingsprogramme vir mense in ontwikkelende lande.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

2.1.2

- Dit beteken verskillende godsdienste van oor die wêreld heen kom saam.
- Die doelwit is om met respek en inklusiwiteit van alle kante 'n gesprek te voer om begrip te soek eerder as om 'n argument te wen. (4)

2.1.3

- Die parlement van 'n land is deel van die regering daarvan, bestaande uit verteenwoordigers wat 'n bietjie mag en gesag het.
- Enige persoon kan egter die PWG bywoon, maak nie saak of hulle 'n groter liggaam verteenwoordig of nie.
- Die PWG het nie enige mag of gesag om werklik enige van die resolusies wat aangeneem word, af te dwing nie.
- Dit hang van dié af wat teenwoordig is om na hulle lande terg te gaan en om die aanbevelings van die Parlement vrywilliglik te implementeer.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)
‘n maksimum van VIER punte kan toegeken word vir een parlement en TWEE punte vir die ander.

2.1.4 **VOORBEELD 1:**

- Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika – Religions for Peace.

**Suksesse:**

- Hulle het godsdiensleiers in Afrika suksesvol byeengebring met 'n atmosfeer van inklusiwiteit, respek en gesprek.
- Hulle bewaar die godsdienstige identiteit van die verskillende godsdienste.
- Hulle handhaaf die beginsels van verteenwoordigendheid, aanvullende hulp en solidariteit.
- Hulle ondersteun plaaslike intergeloofsaktiwiteite en dienste
- Hulle het aan die Wêreld Sosiale Forum deelgeneem.
- Die positiewe werk wat gedoen is, het 'n verskil aan daardie gemeenskappe gemaak, en word baie waardeer.

Kopiereg voorbehou 

**Mislukkings:**

- Daar is steeds baie lyding in Afrika as gevolg van konflik.
- Daar is steeds lyding as 'n gevolg van armoede en 'n tekort aan hulpbronne in Afrika.
- Nie alle lande en regeringsmagte erken en ondersteun die Raad vir Godsdienstige Leiers in Afrika – Religions for Peace nie.
- Die organisasie het beperkte hulpbronne en dit steun op openbare skenkings.

**VOORBEELD 2:**

- Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede.

**Suksesse:**

- Hierdie organisasie is op elke kontinent aktief.
- Dit het baie intergodsdienstige groepe gevorm om algemene probleme op te los.
- Hierdie groepe werk ook om wêreldvrede te bevorder.
- Hulle het in konfliksituasies as bemiddelaars opgetree, bv. Sierra Leone, Bosnië en Kosovo.
- Hulle het 'n internasionale netwerk van godsdienstige vroueorganisasies georganiseer.

**Mislukkings:**

- Ten spyte van die groot en toegewyde werk deur hierdie organisasie, lyk dit steeds asof daar in die wêreld 'n toename van konflik en 'n gebrek aan vrede ervaar word.
- Dit kom voor asof daar 'n toename in godsdienstige konflik in die wêreld is.
- Vrywilligerorganisasies soos hierdie sukkel sonder uitsondering om die bronne te kry wat aan hulle behoeftes/vereistes voldoen.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

Twee punte vord toegeken vir die melding van die organisasies.Voorts ,as net suksesse of net mislukkings bespreek word,mag ‘ (12)

2.1.5

- Kaapstad is die tuiste van baie rasse, godsdienstradisies en kulturele verskeidenheid.
- Hulle wou geestelike en kulturele verskeidenheid ervaar om insig uit te ruil en wysheid te deel.
- Die wêreld is vol bewondering vir Suid-Afrika oor demokrasie wat in 1994 bekom is.
- Mense was gretig om na Suid-Afrika te kom om die vreedsame oorgang te ondersteun, godsdienstige mense ingesluit.
- President Nelson Mandela het intergodsdienstige verhoudinge ondersteun en die Parlement bygewoon.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

2.2

- 'n Godsdienstige lering is sistematiese inligting oor 'n godsdiens.
- Indien die lering deur oortuiging/geloof aanvaar word, word dit 'n persoon se godsdienstige oortuiging.
- Leringe en oortuiging/geloof is dus verbind – lering lei tot oortuiging/geloof en agter oortuiging/geloof is daar 'n lering. (4)

2.3
- 'n Doktrine/Leerstelling word dikwels betwis.
- Daar is 'n sin van redenasie en onderhandeling aangesien doktrines/ leerstellings volgens filosofiese wêreldbeskouings opgestel word.
- 'n Dogma het te make met die aanspraak op absolute gesag van sekere leringe.
- 'n Dogma is meer formeel, vasgestel en gesaghebbend en word daarom nie betwis nie.
- Dogmas is bindend vir lede as hulle van 'n godsdiens wil lid wees. Dit beteken dat 'n persoon 'n godsdiens se dogmas moet aanvaar om as 'n lid van daardie godsdiens beskou te word. (4)

2.4. 2.4.1
- Die uniekheid van 'n godsdiens is ten minste een besonderse kenmerk wat dit van ander godsdienste onderskei.
- 'n Unieke kenmerk is 'enig in sy soort', iets wat slegs aan daardie godsdiens en geen ander behoort nie. (2)

2.4.2
- Eenheid beteken om vir 'n algemene doelwit saam te staan.
- Dit is gewoonlik moontlik om die aspek wat godsdienste saambind, te identifiseer – hulle deel 'n oortuiging of praktyk; hulle staan saam om vir 'n saak te veg, ens. (2)

2.5 2.5.1
- Mense in 'n godsdiens het moontlik 'n sterk gevoel van samehorigheid en ondersteun mekaar, wat 'n verenigde gemeenskap vorm.
- Mense in 'n godsdiens is verenig in hulle geloof in die leringe van daardie spesifieke godsdiens.
- Lede voer dieselfde praktyke in 'n godsdiens uit.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)

2.5.2
- Verskillende godsdienste kan saamkom om humanitêre hulp aan 'n gemeenskap wat deur 'n natuurramp veroorsaak is, te verskaf.
- Hulle kom saam om maatskaplike uitdagings aan te pak, soos bendebedrywighede of middelmisbruik in hulle gemeenskappe.
- Verskillende godsdienste kan eensgesind wees met betrekking tot 'n lering/oortuiging.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1
- Die woord 'media' is die meervoud van die Latyn 'medium' wat 'deur middel van' beteken.
- Ons verstaan media as die middel waardeur massakommunikasie uitgevoer word.
- Tipes media: sosiale media/sosiale netwerke;
- elektroniese media; TV, films, advertensies;
- gedrukte media – tydskrifte, koerante, publikasies, pamflette, artikels, radio, uitsaaiwese, ens.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

3.2
- Die belangrike toename in dekking kom ooreen met die huidige kommunikasieontploffing.
- As gevolg van die gemak waarmee mense deesdae toegang tot inligting kan kry, is meer mense nuuskierig om self dinge te weet en uit te vind, dit sluit godsdienssake in.
- Baie gewone mense is ook deesdae goed opgevoed, nie net die godsdienskundiges nie, en hulle onderwys stel hulle in staat om hulle eie menings oor godsdiens- en wêreldsake te vorm.
- Die toename in dekking kan voordelig vir godsdiens wees, want dit behels meer mense en daar kan oral groter verantwoordelikheid wees.
- Aan die ander kant, 'n blote toename in dekking sal nie outomaties 'n voordeel wees nie, veral nie as die dekking verdraai is nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (6)

3.3

3.3.1
- 'Ortodokse gelowe' beteken die groot tradisionele godsdienste van die wêreld, bv. Judaïsme, die Christelike godsdiens, Islam, Hindoeïsme en Boeddhisme.
- 'Minderheidsgodsdienste' beteken die godsdienste wat kleiner en minder bekend is, soos inheemse kennisstelsels/inheemse godsdienste, soos Djainaïsme, Confucianisme, Sjinto.. (4)

3.3.2
- Ons toenemend sekulêre wêreld stel nie baie belang in godsdiens nie, veral die tradisionele, hoofstroomgodsdienste.
- Ons sekulêre wêreld kan selfs vyandig teenoor godsdiens wees.
- Hierdie godsdienste wat as 'outyds' en 'preuts' beskou word, word nie as nuuswaardig beskou nie behalwe as die nuus sensasioneel kan wees.
- Die moderne neiging is om minderhede te beskerm wat nie 'n stem het om vir hulleself te praat nie.
- Die minderheidgodsdienste het die gevaar geloop om soos die inheemse godsdienste, uit te sterf.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.**

(4)

3.4 **VOORBEELD 1:**

- Daar was onlangs verslae in die gedrukte media/koerante oor seuns wat deur geestelikes in die Anglikaanse Kerk seksueel misbruik is.
- Twee mans, een 'n bekende skrywer, het dit na 20 jaar se stilte onthul.
- Die Anglikaanse Aartsbiskop van Kaapstad, Aartsbiskop Thabo Makgoba, het 'n gedeelte van sy Paaspreek aan hierdie saak gewy. Dit was 'n skok vir die kerk.
- Hy het erken dat die kerk die ondersoek van sulke sake nagelaat het.
- Die artikel het 'n gebalanseerde standpunt gegee.
- Die aartsbiskop moet gekomplimenteer word vir sy eerlikheid en die stappe wat hy gedoen het om so 'n krisis te voorkom.

**VOORBEELD 2:**

- Volgens 'n verslag in die sosiale media is die Kulturele-, Godsdiens- en Taalregtekommissie besig om verslae oor seksuele misbruik deur godsdiensleiers te ondersoek.
- 'n Segspersoon vir die Kommissie het beweer dat hierdie saak 'meer algemeen is as wat ons dink'.
- Die Kommissie doen hulle werk deur die klagtes op 'n objektiewe en professionele wyse op te volg.
- Hulle betreur ook terselfdertyd die omvang van die seksuele misbruik wat hulle besig is om bloot te lê.
- Aanvanklike verslae het aangedui dat die seksuele misbruik al vir baie lank in die geheim plaasvind.
- Die slagoffers voel hulpeloos want die skuldige is 'n gesagsfiguur in 'n posisie van vertroue.
- Hulle word dikwels met geweld gedreig en bly daarom stil.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

3.5 3.5.1

- Dit is 'n veralgemening van iemand of 'n groep mense wat gevestig is en algemeen geglo word, wat sonder bevraagtekening deur ander aanvaar word, sonder persoonlike besinning of ervaring of navorsing.
- Die aanvaarding is gebaseer op 'n vooropgestelde idee of onkunde of vooroordeel.
- Voorbeeld: Duitsers is anti-Joods.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.5.2

- Dit is die onregverdige voorstaan/steun van een of ander standpunt.
- Dit is eenders as bevooroordeeldheid.
- Dit is die teenoorgestelde van onpartydigheid.
- Voorbeeld: In die apartheidstydperk was die staat beïnvloed deur 'n spesifieke vertolking van die Bybel wat wit oorheersing voorgestaan het.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.5.3
- Dit beteken dat alle kant van 'n saak gestel moet word sonder dat een voorgestaan/gesteun word.
- Sinonieme vir onpartydigheid is neutraliteit, regverdigheid, nie-partydigheid, objektiwiteit.
- Dit is die teenoorgestelde van partydigheid of vooroordeel.
- Voorbeeld: die Suid-Afrikaanse Konstitusie toon onpartydigheid in godsdiens- of rassekwessies.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.5.4
- Sensasionalisme is om verslag te doen met die voorneme om 'n 'bohaai' oor 'n kwessie te maak.
- Die rede is dikwels kommersieel – om aandag te trek en om so verkope te lok.
- Daar is minder besorgdheid om 'n redelike benadering te volg.
- Daar word nie gesorg dat die waarheid oor die saak ondersoek word nie.
- Voorbeeld: Die pastore wat hulle gemeentes met insekweerders gespuit het, het wêreldwyd publisiteit gekry.
- **LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

3.5.5
- Dit is 'n weergawe wat die feite, sonder emotiewe taal, weergee.
- Dit is die teenoorgestelde van 'n sensasionele of emosionele of partydige weergawe.
- Bv. 'n Verslag oor Rooms-Katolieke priesters wat die goeie en die slegte balanseer, wat die verhouding toon van diegene wat by kindermishandeling betrokke was en om dit teen die algemene bevolking te meet.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (4)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 **VOORBEELDE:**

**Vryheid van diskriminasie**

- Jy het die verantwoordelikheid om hierdie reg vir jouself en andere te handhaaf.
- Jy mag nie teen ander diskrimineer op grond van ras, kleur, geslag, taal, godsdiens of politieke mening nie.

**Die reg op die huwelik en 'n gesin**

- Jy het die verantwoordelikheid om die gesinslewe, veral jou eie, te bevorder.
- Jy het die verantwoordelikheid om nie op enige wyse op te tree wat tot die ineenstorting van 'n gesin te lei nie.

**Die reg op onderwys/onderrig**

- Jy het die verantwoordelikheid om klasse by te woon.
- Jy het die verantwoordelikheid om 'n hardwerkende leerder/student te wees wat die vereiste werk en studie te doen.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

4.2

- In die Handves van Menseregte in die Suid-Afrikaanse Konstitusie word godsdiensvryheid ingesluit by die regte genoem.
- Dit sê: 'Almal het die reg op vryheid van gewete, godsdiens, denke, oortuiging en mening.'

Godsdienstige waarnemings kan volgens drie voorwaardes by staats- of staatsondersteunde inrigtings uitgevoer word:

- Die waarnemings volg die reëls wat deur die gepaste openbare gesag gestel is.
- Die waarnemings word op 'n gelyke basis uitgevoer.
- Bywoning is gratis en vrywillig. (8)

4.3

- By belangrike staatsgeleenthede, soos die inhuldiging van die staatspresident, die opening van die parlement en by openbare-vakansiedag-vieringe (bv. Vryheidsdag), word leiers van baie gelowe genooi om deel te neem.
- Godsdienste werk vrylik saam om gemeenskapsbehoeftes, soos aktiwiteite vir die jeug en bejaardes, sopkombuise, maatskaplike en geestelike berading en ondersteuning, die geveg teen dwelmmiddels en bendes aan te pak.
- Intergodsdienstige dienste en gebedsbyeenkomste word gehou.
- Gebede vir reën om die droogte in Kaapstad en ander dele van Suid-Afrika te verlig, is 'n voorbeeld.
- Godsdiensdiskriminasie kan aan die Menseregtekommissie gerapporteer word.
- Dit kan ook deur die Kultuur-, Godsdiens- en Taalregtekommissie ondersoek word.
- Beide hierdie liggame het beslissend opgetree om godsdiensvryheid te beskerm.
- Religiestudies leer oor verskillende godsdienste en tradisies. Dit sluit gelowe in wat gedurende apartheid gemarginaliseer is.
- Dit is nie 'n verpligte vak nie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (10)

4.4 **VOORBEELD 1:**

- Soedan in Afrika.
- Burgeroorlog het uitgebreek toe die Moslem sentrale regering probeer het om Sjaria-wet op die Suide af te dwing.
- Die stamme in die Suide was Christene en sommige was volgelinge van Afrika-godsdiens.
- Godsdiensvryheid is geskend.
- Toe Suid-Soedan in 2011 onafhanklik geword het, het dinge vir 'n kort tydperk kalm geword.

**VOORBEELD 2**:

- Sirië in die Midde-Ooste.
- Fundamentalistiese Moslems (ISIS/ISIL) wou 'n kalifaat stig.
- Hulle het gewelddadig geveg om gematigde Moslems, en mense van ander gelowe te verjaag om ruimte vir hulle te skep om oor te neem.
- Byvoorbeeld, Christene wat vir baie lank daar was, is verjaag.
- Dit is skending van godsdiensvryheid.
- Daar was ook ondertone van Soenni-Sjia-konflik met elke kant wat onverdraagsaamheid teenoor die ander toon.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

4.5 4.5.1 **VOORBEELDE:**

- Judaïsme en die Christelike godsdiens leer dat elke persoon uniek is, omdat hy/sy na die beeld van God geskape is.
- Hy/Sy verdien menswaardigheid en gelykheid.
- Die Christelike godsdiens leer ook dat jy jou naaste soos jouself moet liefhê.
- Dit wys dat mense mekaar moet liefhê en dat jy waardig is om liefgehê te word.
- Die meeste godsdienste leer dat menselewens heilig is en die grootste respek verdien, bv. Islam, Afrika-godsdiens, Hindoeïsme.
- Boeddhisme het die lering 'Eerstens, doen geen leed nie' (ahimsa).
- Dit stippel uit dat ons nie die reg het om ander leed aan te doen nie en dat almal die reg het om beskerm te word en veilig te wees.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (8)

Geen krediet word gegee as religieuse leringe nie duidelik aangedui word nie.

4.5.2 **VOORBEELDE:**

- Boeddhisme leer van die Agtvoudige Weg om Nirvana te bereik.
- Die Agtvoudige Weg moedig almal aan om te werk vir geestelike volbringing, ongeag die spesifieke godsdiens. Dit is godsdiensvryheid in praktyk.
- Die Bahá'i-geloof leer dat alle godsdienste in dieselfde God glo en dat alle mense eendag in die Bahá'i-geloof verenig sal wees, die enigste godsdiens wat sal bestaan.
- Daar is godsdiensvryheid omdat alle godsdienste ingesluit word.
- Islam leer dat Allah mense met vrye wil en die vermoë om te redeneer, geskep het.
- Mense het vryheid van oortuiging omdat dit onmoontlik is om mense te dwing om aan iets te glo. Die Koran sê dat daar geen verpligting in Islam is nie.
- Hindoeïsme leer dat alle godsdienste verskillende weë is wat na die Goddelike lei.
- Elke mens moet sy/haar weg na God getrou volg. (8)

**[50]**

**VRAAG 5**

LET WEL :TWEE punte word toegeken vir die definisie,en TWEE punte vir die religie.

5.1 5.1.1
- Dit is die aanbidding van of geloof in slegs een god.
- Die Abrahamitiese godsdienste is monoteïsties.
- Die Abrahamitiese godsdienste is Judaïsme, die Christelike godsdiens en Islam. (4)

5.1.2
- Dit verwys na iemand wat die opsionele lewensfase van die diep godsdienstige persoon kies.
- Hierdie persoon onttrek uit die samelewing, gee alle besittings op en dwaal rond.
- Dit is 'n praktyk in Hindoeïsme. (4)

5.1.3
- Dit beteken om vir ander mense respek en empatie te toon.
- Dit sluit in om daardie mense te help wat fisies, emosioneel, sosiaal of geestelik behoeftig is.
- Dit is 'n gemeenskaplike lewenswyse gebaseer op 'Umuntu ngumuntu ngabantu' wat 'Ek is want ons is' beteken.
- Dit is 'n etiek of morele voorskrif wat op respek vir mense gebaseer is.
- Dit word in die Afrika Tradisionele Godsdiens gevind. (4)

5.1.4
- Dharma verwys na die weg van Hoër Waarhede (doktrine/leerstellings)
- Dit is hoe dit in Boeddhisme verstaan word.

**OF**

- Dharma is die oortuiging dat daar goddelike orde in die hele bestaan is. (4)
- Dit is hoe dit in Hindoeïsme verstaan word.

5.2 5.2.1
- Dit is die Abrahamitiese godsdienste/Godsdienste van die Boek/ die Nabye Ooste of Midde-Oosterse groep.
- Hulle is monoteïsties.
- Hulle deel baie profete – Abraham, Isak, Moses.
- Hulle plaas groot klem op godsdienstige leringe.
- Hulle beskou hulle heilige geskrifte as goddelik geïnspireerd.
- Hulle glo aan die Oordeelsdag.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)

5.2.2
- Hulle behoort aan die Indiese subkontinent-groep.
- Boeddhisme het uit Hindoeïsme, ontstaan so hulle deel 'n gemeenskaplike wortel.
- Beide glo aan reïnkarnasie (samsara), alhoewel hulle verskillende beskouinge daaroor het.
- Hulle het beide die leringe van moksha en karma.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)

5.2.3
- Daar word baie van die Afrika-kultuur by hulle rituele en praktyke ingesluit.
- Hulle glo aan voorvaders en tussengangers tussen God en die lewendes.
- Hulle geniet 'lewendige' dienste met begeesterde sang en dans.
- Die priesters in die Zioniste Christelike Kerke speel 'n rol soortgelyk aan genesers in die ATG.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (2)

5.3 LET WEL: Praktyke soos vas en hajj word nie gekrediteer nie
- Hulle glo aan Allah die Here van alles wat bestaan.
- Hulle glo dat daar slegs een God, Allah, is.
- Hulle glo aan die engele.
- Hulle glo aan Sy Boeke.
- Hulle glo aan al Sy boodskappers.
- Hulle glo aan die Oordeelsdag.
- Hulle glo aan Goddelike Gebooie, goed of sleg.
- Hulle glo aan uitverkorenheid.
- Hulle glo aan lewe na die dood.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (12)

5.4
- Elkeen is 'n stel gedagtes, idees, leringe, oortuigings en praktyke wat die wêreldbeskouing van hulle volgelinge rig.
- Die woord 'ideologie' word dikwels as 'n plaasvervanger vir godsdiens gebruik, veral wanneer die ondersteuner van 'n spesifieke ideologie nie 'n godsdiens het nie.
- Huidige gebruik van die woord impliseer dikwels dat die spreker praat oor 'n stel oortuigings wat nie sy/haar eie is nie.
- Ideologie sluit beide sekulêre en godsdienstige wêreldbeskouings in. (4)

5.5 **VOORBEELD 1: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS (ATG)**
- **Voorvaderverering/Tussengangers**
- Alhoewel die ATG aan 'n Opperwese glo, is daar nie baie interaksie tussen die godheid en die volgelinge nie, want die godheid word as almagtig en verwyderd beskou.
- Hulle het baie kontak met die voorvaders wat hulle as die tussengangers tussen die Opperwese en die mens beskou.
- Die voorvaders is 'n belangrike deel van hierdie godsdiens. Hulle lei en beskerm die familie wat met hulle oor alle sake konsulteer.
- Mense het kontak met die voorvaders deur menslike tussengangers bekend as sangomas of waarsêers.
- Om 'n sangoma te word, is 'n spesiale roeping.

- **Gemeenskapslewenswyse/'n stamgebaseerde godsdiens/die konsep van ubuntu.**

- Daar is sterk klem op die gemeenskap, min individualisme.
- Die struktuur en organisasie van die samelewing is stamgebaseerd, gelei deur die oudstes vir wie daar groot respek is. Die oudstes word die voorvaders.
- Die gees in die gemeenskap is ubuntu wat beteken dat vir mekaar gesorg moet word.

- **Klem op praktyk/Geen spesiale dag van aanbidding nie**
- Hierdie godsdiens beklemtoon 'doen'.
- Dit het baie rituele wat vir verskillende doeleindes uitgevoer word, gelei deur die oudstes van die stam.
- Daar is geen spesiale datum of tyd vir rituele nie.
- Dit word wanneer nodig uitgevoer wanneer die stam of gemeenskap daaroor saamstem.
- Wanneer die ritueel uitgevoer word, is daardie tyd en aktiwiteit heilig. Daar is geen spesiale dag van aanbidding nie.

**VOORBEELD 2: BOEDDHISME**

- **Daar is geen God as die middelpunt van hulle oortuiginge en leringe nie.**
- Die doelwit en doelstellings van die lewe is om Nirvana of Ontwaking/Verligting te bereik.
- Dit berus op die individu, wat deur sy/haar eie pogings en praktyke dit moet bereik.
- Die weg om Nirvana te bereik, is die Agtvoudige Weg.

- **Mense ly en is ongelukkig as gevolg van verkleefdheid.**
- Die manier om dit te verlig, is om 'n houding van afsydigheid/losmaking te ontwikkel.
- Losmaking kan ontwikkel word deur die besef dat alles in die heelal verganklik is.
- Die Vier Edele Waarhede leer hierdie wêreldbeskouing.

- **Die Agtvoudige Weg leer 'n lewenswyse wat tot Nirvana lei:**
- Korrekte begrip en denke behels die wysheid om aktief hierdie weg te kies.
- Volgende kom die korrekte optrede of handelinge wat saam hierdie besluit gaan – korrekte spraak, handelinge, lewensbestaan.
- Die laaste drie behels die hoër vlak van die geestelike – korrekte ywer, oplettendheid en konsentrasie tydens meditasie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet krediet kry.** (12)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou